

# *Qua Vadis?*

EVANGELISASIEBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

NR. 148, Apr. 1980

Geregistreer by die poskantoor as nuusblad

## **Geen *ander* gode.**

"Jy mag geen ander gode  
voor my aangesig  
hê nie."

(Exodus20:3)

## ***Ek hou nie van wette nie.***

### **BANG VIR DIE WET?**

Wette maak my bang.  
Wette laat my ingeperk voel.  
Ek wil my lewe ontplooi, my onderneming uitbrei, my hartstogte vrye teuels gee..., maar elke keer loop ek my vas teen 'n wet.  
Dit mag nie. Dát mag nie.  
Weg is my planne.  
Weg is my vryheid.  
Daar sit ek weer — die slaaf van wette.

### **EK WIL DOEN WAT EK WIL.**

Veronderstel elkeen sou dit sê.  
Veronderstel elkeen sou dit dóén.  
Stel jou voor hoe die lewe dan sou lyk.  
Hoe sou jou *huisgesin* daar uitsien?  
Jy laat daardie knapie van vier toe om te doen wat hy wil. Hy pak kaste uit. Hy wil speel. Hy gooi koekblikke leeg op die vloer. Hy wil geniet. Hy trek die een vuurhoutjie na die ander. Hy wil vlammetjies sien.  
Nie lank nie en jy kan nie meer in daardie huis woon nie.  
Alles is deurmekaar.  
Op 'n dag kom jy daar en alles het afgebrand.  
Dit is die resultaat van 'n gesinslewe — *sonder wette*.

### **'N VOLK SONDER WETTE.**

Stel jou 'n volkslewe voor sonder wette.  
Elke Suid-Afrikaner doen wat hy wil.  
Bendes wat roof en moor.  
Verkeersongelukke by die honderde.  
Seksuele verwildering.  
Geen mens kan dit op straat waag nie.  
As elkeen doen wat hy wil, sal ons mooi land binne 'n paar dae in 'n onbewoonbare hel verander.  
Want die mens bedink slegte dinge en hy is van nature geneig tot alle kwaad.

### **BLYDSKAP OOR DIE WET.**

Moet jy bang wees vir die wet?  
Of — moet jy soms bly wees dat daar wette is?  
Want jy besef wel deeglik dat die wet eintlik 'n seën is - ervaring leer jou dit, maar bowenal, die Bybel sê dit so duidelik.  
Wette maak die lewe moontlik en draaglik in 'n wêreld soos ons s'n.  
Wette gee lewensruimte op 'n vervloekte aarde.  
Dit was God se bedoeling toe Hy vir jou en my wette daargestel het.  
In hierdie uitgawe van Quo Vadis, en dié van die volgende paar maande, word die tien wette van God behandel.  
As jy dit lees, beskou dit as genade van God. Want Hy wil deur hierdie wette vir ons lewensruimte skep. Hy wil nie jou lewe aan bande lê nie, maar dit juis mooi ontplooi.  
Jy sal dit nog beter begryp as jy na die natuurwette kyk.

## **NATUURWETTE.**

Waarom het God 'n wêreld gemaak wat aan wette onderworpe is?

Waarom 'n swaartekragwet?

Waarom wette wat veroorsaak dat lente, somer, herfs en winter mekaar so reëlmatig afwissel?

Waarom wette in die plantewêreld en diereryk?

Om die skepping te verkneg?

Om bruisende lewe, groei en ontplooiing te belemmer?

Inteendeel.

Die wette van God skep juis geleentheid en ruimte, sodat elke ding, plant en dier tot volle ontplooiing kan kom.

Dit maak die lugruim vry vir die voëls.

Dit maak die water geskik vir visse.

Dit hou die veld reg vir diere.

## **GOD SE WETTE VIR DIE MENS.**

God wil dat die mens mens sal wees en bly — die kroon van sy skepping, die pronkstuk van sy handewerk.

Die mens mag nie ontspoor nie.

Die mens mag nie van koers af raak en skipbreuk ly nie. Hy moet die kompas kan lees en sy doel bereik. Daarom het God aan die begin gesê: Van die één boom in die paradys mag jy nie eet nie. 'n Proefgebod.

Want deel van volkome mens-wees is gehoorsaam wees.

Maar moedswillig het die mens ontspoor. Hy wóú die toets nie deurstaan nie. Toe bring hy oor homself die chaos van dood en doodsheid.

En tog keer God dat die mens geheel en al in die chaos tot niet gaan.

In sy groot genade en verbondsliefde belowe Hy die Verlosser wat sal kom om te ly en te sterf vir die ongehoorsaamheid van die mens. Dié Verlosser het gekom.

Sy Naam is Jesus Christus, die Seun van God.

God se genade gaan ook nog verder: Na die sondeval gee Hy weer aan die mens wette.

Sodat jy nie verder sal ontspoor nie. Sodat jy lewensruimte kan hê. Sodat jy deur middel van die wet jou dankbaarheid vir jou verlossing kan bewys. Sodat jy op die kompas kan lees hoe jy met God en met jou naaste moet verkeer.

*Thinus du Plessis.*

## ***Doen weg met afgode.***

Het ons dan nog afgode? Hier in Suid-Afrika?

Ons is tog nie heidene nie.

Kan daar in die moderne Westerse beskawing nog mense wees wat voor 'n beeld, 'n boomstomp, die son, die maan of die sterre neerval en dit aanbid?

Nee, 'n gebod soos hierdie "doen weg met jou afgode", is bedoel vir die heidene van eeue gelede en die primitiewe volke in Noord-Afrika.

Is dit wat u dink, liewe leser?

Dink u werklik so?

Laat ek u dan vertel wat afgodery is.

Ek sê dit nie in my eie woorde nie, maar in die woorde van die belydenis van die kerk:

"Afgodery is, om in die plek van die enige ware God wat Hom in sy Woord geopenbaar het, of naas Hom, iets anders te versin of te hê waarop die mens sy vertroue stel" (Heidelbergse Kategismus vraag en antwoord 95).

Gaan nou weer u lewe na, en dié van die mense wat saam met u in Suid-Afrika woon. U staan verstom oor die aantal afgode wat ons vandag het.

Ons afgode heet wel nie Baäl, Astarte of Dagon nie, maar hulle is nog daar. Vandag het hulle mooier name — sport, vrye tyd, vryheid, ensovoorts.

Vir die een het sy eie-ek sy afgod geword — hy plaas al sy vertroue vir die hede en die toekoms op sy eie wysheid, krag, rykdom of werke. Die god "egoïsme".

'n Ander vertrou op prinse — mense wat kan help. Hoe baie vertroue stel ons in 'n geneesheer wat 'n operasie moet uitvoer?

Op wie vertrou ons in tye van politieke onrus, onluste en terrorisme?

Is dit 'n sekere minister wat weer politieke stabiliteit sal bewerkstellig?

Is dit ons bekwame polisiemag wat die terreur sal hanteer?

Hoe tragies was die skokkende ontdekking van baie mense dat ook die lank vertroude Amerika ons in die krisis in die steek kan laat.

Mense wat op mense vertrou, vereer die afgod met die moderne naam "humanisme".

Daar is ook mense wat al hul vertroue op stoflike dinge stel.

Hulle dien die god "materialisme".

In die ou tyd het Jesus Christus die god Mammon genoem en dié treffende waarheid gestel: "Niemand *kan* twee here dien nie; want óf hy sal die een haat en die ander liefhê, of hy sal die een aanhang en die ander verag. Julle *kan* nie God én Mammon dien nie"(Mat. 6:24).

Opmerklik: 'n Mens is nie gebore in staat om twee here tegelyk te dien nie. Jy is net nie so gemaak nie.

Tog probeer baie mense om dit reg te kry.

Baie is nog nie so ver "*om in die plek* van die enige ware God" iets anders te hê nie. God moet darem nie heeltemal weg uit die lewe nie. Daar bly nog 'n klein plekkie vir Hom oor. Hy is so iets soos 'n versekeringspolis. As al die afgode 'n mens in die steek laat, moet Hy nog daar wees.

Daarom nie "in die plek" van God nie, maar dan wel "naas Hom".

Jesus Christus, die Seun van God, die Saligmaker, het gesê: Vergeet dit. Dit sal jy nooit regkry nie. "Niemand *kan* twee Here dien nie".

God het met 'n doel die mens so gemaak: Hy is 'n jaloerse God. Hy deel geen mens se hart met 'n ander god nie. Daarom beveel Hy: Doen weg met jou afgode sodat Ek geheel en al jou lewe in besit kan neem.

Plaas ál jou vertroue op Hom en sien jou dokter, die medisyne, jou verstand en krag, die regering, die polisiemag, die weermag, ensovoorts, ensovoorts, *as instrumente in Sy hand*.

Want God is die Enigste op wie mens kan vertrou sonder om teleurgestel te word.

## **IS GOD BANG VIR AFGODE?**

Waarom stel God hierdie eis aan jou en my?

Hy hoef Hom tog nie te steur aan die afgode nie. In eie krag is elke afgod tog magteloos.

Of is God dalk bang vir die afgode?

Nee, Hy weet nog beter as ons dat die afgode nietigheid en ydelheid is. Hy is ook nie bang vir enige mag naas Hom — asof dit vir Hom 'n bedreiging inhou nie.

Maar Hy is besorg oor *ons*.

Ons is dwaas genoeg om die liefde en vertroue van ons hart weg te gee aan iets wat geen god is nie. Dan kom ons te laat tot die pynlike ontdekking dat ons op minder as wind ons hoop gebou het.

Dit kan ons ondergang, ons rampsaligheid beteken.

Daarom: As u u lewe lief het en ewige geluksaligheid wil smaak, verwyder die afgode.

Leer die enigste God liefhê.

Verwag álles van Hom.

Kies Hom in u werk, in u gesin, in u opvoeding, in die kerk, in alles wat u doen en waarin u 'n beslissing moet neem.

Vertrou Hom alléén vir vergewing van u sondes en die ewige lewe.

Hy was só besorg oor u dat Hy sy Seun vir u laat sterf het. Omdat Hy só baie vir u omgee, het Hy ook gesê: "Jy mag geen ander gode voor my aangesig hê nie."

*Thinus du Plessis.*

## **WIE IS REG?**

### **VERSCHEIDENHEID VAN GODSDIENSTE.**

Daar is so baie godsdienste en elkeen maak daarop aanspraak dat hy die waarheid beet het.

Die Islamiet met sy Koran sê hy beoefen die ware godsdien.

Die Hindoe sê sy Veda het die antwoord.

Die Perse sê dit van die Sendavesta.

Die Boeddhis sê dit van sy Tipitaka.

Die Chinees van sy Confuciaanse geskrifte.

En ... die Christen sê: Die Bybel is die Woord van die ware God.

Wie is reg?

Wie beoefen die ware godsdien?

Ek wil jou vertel van die God van die Bybel.

Eers wil ek probeer verduidelik hoe die Bybel self getuig (bewys) dat dit nie maar net nog 'n menslike geskrif is nie.

### **BETROUBAARHEID VAN DIE BYBEL AS WOORD VAN GOD.**

Ek gaan jou nie probeer oortuig met my eie argumente nie. Neem liever 'n Bybel in jou hand en blaai saam met my 'n bietjie daardeur.

Die Bybel is die enigste boek wat aan ons 'n persoonlike én oneindige God voorstel en terselfdertyd die oplossing gee, sowel vir die *ontstaan* van ons persoonlikheid, as vir ons huidige *abnormale toestand*. Lees sommer die eerste paar bladsye van die Bybel.

Dit is ook die enigste boek wat 'n uitweg uit die wanhoop van die moderne mens bied. Dit wys ons 'n weg hoe ons van die skuld bevry kan word en hoe die verhouding met God herstel kan word.

Dit is die enigste boek wat ons wys wat die sin en doel van ons bestaan is.

### **DIE BYBEL SE MORAAAL.**

Die Bybel leer 'n moraal wat volkome indruis teen die natuur van die gevalle mens.

'n Goddelike moraal — 'n volmaakte wet.

'n Mens sou onmoontlik 'n moraal kon uitdink wat inhou dat ons ons vyande moet liefhê, dat ons moet goed doen aan diegene wat ons haat en vervolg, dat 'n wellustige blik owerspel is en dat haat moord is.

Geen mens sou ook die Bybel wóú skryf nie, want die Bybel veroordeel oortreders ten strengste. Sou die bose mens homself veroordeel tot in die hel?

Dus: Die mens sou die Bybel nie kón skryf nie, al wil hy; en hy sou die Bybel nie wil skryf nie, al kon hy.

## **DIE BYBEL EN DIE MENS.**

Tensy deur God vernuut en geïnspireer sou die gevalle mens die Bybel nooit kán of wil skryf nie.

Kyk byvoorbeeld hoe lelik word die mens geteken in Romeine 3:10-18. Ons sou onself gunstiger wou beskryf:

*Daar staan immers geskrywe: "Daar is nie een wat regverdig is nie, selfs nie een nie, daar is nie een wat verstandig is nie; daar is nie een wat na die wil van God vra nie.*

*Almal het afgedwaal, almal het ontaard. Daar is nie een wat goed doen nie, selfs nie een nie.*

*Hulle keel is 'n oop graf, met hulle tonge bedrieg hulle. Oor hulle lippe kom woorde so giftig soos slange, hulle mond is vol vervloeking en bitterheid.*

*Hulle voete is vinnig om bloed te vergiet.*

*Hulle laat 'n spoor van verwoesting en ellende agter.*

*Die pad van vrede het hulle nie leer ken nie, ontsag vir God het hulle nie."*

Nooit sou 'n mens van homself wou vertel hoe hy deur die duiwel oorwin is nie. God doen dit in Genesis 3:1-6.

Sou jy graag 'n hel uitgedink het as ewige straf vir jou sonde en ongeloof?

Nee, God is hier aan die woord. Sou 'n mens dit kon en wou uitdink dat jy gered word uit pure genade; dat die mens hopeloos verlore is, 'n veroordeelde sondaar, dat jy niks anders vir jou saligheid kan "doen" as om te glo in Jesus Christus nie. Lees Romeine 3:23 vv; 5:6-9; 15-19; 6:23; Efesiërs 2:1-10; Titus 3:3-7.

Sou jy en ek nie eerder 'n godsdienst van verdienste uitgedink het nie? 'n Godsdienst waarin die mens 'n beloning kry vir die "goeie dinge" wat hy doen?

Verder: Is dit vir jou ook opmerklik hoe onverbloemd die Bybel die sonde en swakhede van sy edelste en geliefde hooffigure opsom?

- Noag word dronk.
- Moses is eiegerechtig.
- Dawid maak hom skuldig aan egbreuk en moord.
- Salomo verval in dwase afgodery.

Lees maar van die skande van Lot, die bedrog van Jakob, die verloëning van Petrus, die twis tussen Paulus en Barnabas, ensovoorts, ensovoorts.

Die Bybel teken die mens soos hy is: 'n Van nature gevalle figuur.

Kan jy jou indink dat 'n aardse romanskrywer al sy hoofkarakters só voorstel?  
Dink jy een of ander godsdienstige genootskap sou so 'n werk die lig laat sien?

Sou 'n kommissie van eerbiedwaardige geestelikes nie eerder vir ons 'n Bybel voorberei het vol vlekkelose mense nie — toonbeelde van onberispelike vroomheid en heilige lewenswandel?

### **GEVOLGTREKKING.**

Die leer van die totale sondigheid van die sonde en daarmee van die mens, en die leer van die plaasvervangende werk van Jesus Christus aan die kruis en die verlossing uit genade alleen het nie sy oorsprong in die verduisterde gedagte van die gevalle mens nie, maar *in die heilige én liefdevolle gedagtes van God.*

Die Bybel bewys dus self sy betroubaarheid. Daarby kom, Goddank, die oortuigende werk van die Heilige Gees in jou hart.

Daarom: Bid, terwyl jy Bybel lees.

As jy saam met my besef dat die Bybel 'n geskrif van God is, dan wil ek graag kortliks meer vertel van dié God en hoe ons Hom moet dien.

### **HOE BEOEFEN MENS WARE GODSDIENS?**

Namate jy jou Bybel meer lees, sal jy self die antwoord op hierdie vraag vind.

Ek gee maar 'n kort opsomming: Ware godsdiens is om die enige ware God (van die Bybel) reg te leer *ken*, Hom alleen te *vertrou*, in alle ootmoedigheid en lydsaamheid my aan Hom alleen te *onderwerp*, van Hom alles wat goed is, te *verwag*, Hom van ganser harte *lief te hê*, te *vrees* en te *eer*.

Dit draai om dié woorde:

- Ken
- Vertrou
- Onderwerp
- Verwag
- Liefhê
- Vrees
- Eer.

**Ken jou God** soos Hy Homself aan jou bekend gemaak het as: God die Vader, die Skepper van hemel en aarde; God die Seun, die Verlosser wat na die wêreld gekom het om te ly en te sterf in jou plek; God die Heilige Gees, die Een wat in jou hart bly en jou leer glo en aanbid.

**Vertrou jou God.** Wat hy in sy Woord aan jou belowe, is waar. Hy kan nie lieg nie. Vertrou Hom in die kleine en in die grote. Hy kán jou versorg en Hy kán jou sonde vergewe.

**Onderwerp jou aan God.** Hy is die Almagtige. Sy weë is hoër as ons weë, en sy gedagtes hoër as ons gedagtes.

**Verwag alle goeie dinge van jou God.** Hy wil vir jou die beste.

**Bemin jou God.** Hy het jou eerste so liefgehad dat Hy sy Seun vir jou geoffer het.

**Vrees jou God.** Jy kan nie ongestraf van Hom wegloop nie. Jy mag nie Sy liefde in Sy gesig teruggooi nie.

**Eer jou God.** Hy is ál jou eer en lof werd. As jy 'n hooggeplaasde eer bewys, hoeveel te meer die allerhoogste God.

As jy hierdie dinge doen, sal daar weer vreugde, geluk en vrede terugkom in jou lewe.

Alle ander godsdienste en gode stel teleur en laat jou onbevredig. En onthou: daar is ook ander mense wat hierdie godsdiens beoefen.

Hulle verlang na jou.  
Gaan terug na jou kerk.

*Thinus du Plessis.*

## **Die geldgod en stukkende beursies.**

Sit jy ook met 'n stukkende beursie?

Jy verdien nie 'n te klein salaris nie. Miskien werk jou vrou ook. Maar so vinnig as wat die geld inkom, so vinnig rol dit uit. Lewenskoste is ontsettend hoog. Die inflasiemonster vreet jaar na jaar 'n groter hap uit die waarde van jou Rand.

Om kinders groot te maak, kos 'n fortuin.

Waar gaan dit alles eindig?

Wat of wie veroorsaak hierdie nimmereindigende spiraal?

### **BAIE VERKLARINGE.**

Die ekonome en geleerdes het baie verklarings vir hierdie tendens van stukkende beursies. Goeie verklarings. 'n Bewys van indringende studie van die wêreld ekonomie.

Maar jy het nog altyd gevoel soos 'n pion op die skaakbord. Of soos 'n kurkprop op die see. Jy word heen en weer gedwing en moet maar genoë neem: Dit is nou eenmaal so dat geld die wêreld regeer en ánder bepaal wat in jou beursie aangaan.

Jy het al gevoel: Vervloekte geldgod.

### **GOD SE VERKLARING.**

Behalwe die baie verklarings is daar één unieke verklaring vir die tendens van stukkende beursies: God se verklaring.

Kom kyk 'n paar oomblikke saam met my daarna.

Dit staan in Haggai — die tweede laaste Boek van die Ou Testament.

Die mense van daardie tyd het blykbaar dieselfde frustrasie beleef as jy en ek. Haggai 1:6: "Julle het gesaai, maar min ingebring, julle het geëet, maar nie tot versadiging nie; julle het gedrink, maar nie genoeg gekry nie; julle het jul geklee, maar nie warm geword nie; en wie hom vir loon verhuur, verhuur hom *om dit in 'n stukkende beurs te steek.* "

Die mense was nie soseer rojal nie. Daar was net so véél om te betaal. Jy kry aan die einde van die week of maand jou geld, en onderweg huis toe moet jy eers by die slaghuus



aan, en by die bakker, en by die klerewinkel, en by die kruidenier, en by die belastingkantoor ... om skuld te betaal. En tuisgekom, is jy platsak. Jy het jou loon ontvang, maar dit voel asof daar 'n gat in jou beursie is.

Waarom was dit so in Haggai se tyd?

Die Here sê: "Ter wille van my huis wat in puin lê, terwyl elkeen van julle vir sy eie huis hardloop. Dáárom het die hemel bo julle die dou ingehou en die aarde het sy opbrings teruggehou." (Haggai 1:9 en 10).

Hoe eienaardig tog.

Die volk sê: Ons is te arm om die huis van die Here te bou. God sê: Julle is arm, omdat julle my huis nie bou nie.

Hy keer die orde om.

Dis die geheim: Die Here bou hulle huis nie, ómdat hulle die Here se huis nie bou nie. Die volk soek 'n *ekonomiese* verklaring vir hulle toestand. God gee 'n *profetiese* ('n goddelike) verklaring.

### **GELD HIERDIE VERKLARING OOK VIR ONS TYD?**

Ja, al sou ons nie alles nét so op ons van toepassing kon maak nie, geld dieselfde beginsel nog steeds. Want dit is dieselfde God wat vandag nog werk.

Hy vervloek nog steeds die geldgod.

Daarom is dit vandag ook so: Ons mense eet, maar word nie versadig nie; hulle drink, maar word nie vrolik nie; hulle klee, maar word nie warm nie; hulle ontvang loon, maar steek dit in stukkende beursies.

Die regte *bevrediging* ontbreek.

Die *lewensblyheid* is weg.

Kyk maar na die glanslose oë en verveelde gesigte.

Te midde van groot weelde, is baie geestelik brandarm, onbevredig en moeg. Dit is die vloek van God oor die mens wat sy heiligheid (God se kerk) negeer en in puin laat lê.

Dit is die vloek van God oor elkeen wat sy geld en goed losmaak van Hom, die Gewer van alles.

### **GOD WIL JOU ORDE OMKEER.**

Jy het al gedink: As dinge eers beter gaan, wil ek teruggaan kerk toe en my deel daar gaan doen.

As my skuld eers betaal is...

As my huisverband eers 'n bietjie kleiner is...

As inflasie 'n wending neem...

As my kinders uit die huis is...

As ek die lewe eers geniet het...

As my werk minder van my eis...

Waar moet ek nou die tyd afknyp?

Waar moet ek nou kerklike bydrae en iets vir die armes afknyp?

Intussen bly jy onbevredig en lewensmoeg.

God wil jou orde omkeer, jou prioriteite regstel.

Hy wil dieselfde met jou doen as met die mense in Haggai se tyd: "Gee ag op wat julle wederveraar het. Klim op die berg en bring hout aan en bou die huis; dan sal Ek 'n welgevalle daaraan hê en My verheerlik, sê die HERE" (Haggai 1:7 en 8). Luister ook wat sê sy Seun:

"Soek eers die koninkryk van God en sy geregtigheid, en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word"(Mat. 6:33).

Só maak jy jou stukkende beursie heel.

*Thinus du Plessis.*

## **Towery, waarsêery en bygeloof.**

Het jy al agtergekom dat alle mense 'n sekere godskennis het? Dit is deel van menswees.

Oorspronklik is die mens sodanig deur God geskape dat hy altyd van God afhanklik is, aan God verantwoording verskuldig is en God moet dien.

Maar deur die sonde het die mens hom van God losgeruk.

Nou voel die mens nog dat hy afhanklik is, maar hy weet nie van wie nie.

Hy voel dat hy verantwoording verskuldig is en diensbaar is aan iemand of iets, maar hy weet nie wie of wat nie.

Daar is dus in elke mens 'n innerlike leegheid wat soek na vervulling.

Noem dit 'n honger na 'n god.

Selvs die ateïs het hierdie oorgeblewe godskennis of behoefte aan 'n god, al onderdruk of negeer hy dit.

Om hierdie leegheid te vul, het die verdwaalde mens vir homself nuwe gode gemaak volgens sy smaak.

Kan jy nou verstaan waarom towery, waarsêery en bygeloof so maklik 'n houvas kry op ons mense?

Elkeen van hierdie dinge het die skyn dat hulle die leegheid in jou lewe kan vul.

### **TOWERY.**

Die towenaar wek die indruk dat hy die *almag* van God kan naboots. God alleen het mag oor die natuurwette. Die towenaar wek die skyn dat hy dit ook het deur buitengewone of bonatuurlike dinge te doen. Daarom is towery oortreding van die eerste gebod — die towenaar stel homself in die plek van God.

Onderskei tog tussen towery en handvaardigheid waarmee toertjies uitgehaal word ("slight of hand"). Sulke toertjies is nie op sigself verkeerd nie, mits mense (veral kinders) nie daardeur mislei word nie.

Towery is nabootsing van die *almag* van God met of sonder behulp van die Satan — soos sogenaamde swartkuns, magie, okkulte handeling. Het dit jou al opgeval dat die Satan 'n meester in die kuns van nabootsing is? Hy kan self geen wonders doen nie, maar hy doen wel wonderlike dinge. Hy kan nadoen wat God eerste gedoen het. Gaan lees 'n keer weer die geskiedenis van die Egiptiese towenaars en Moses — Exodus 7:10-12. Faraó se towenaars kon nadoen wat God deur Moses en Aäron gedoen het. Die Here, jónú God, wat jou duur gekoop het met die bloed van sy Seun, verbied jou om met towery om te gaan.

In Deuteronomium 18: 10 lees ons: "Daar mag niemand by jou gevind word ... wat met ... goëlyery of met verklaring van voortekens of towery omgaan nie".

In Handeling 8:1-25 word Simon die towenaar opgewek om hom te bekeer van sy towery.

In Handeling 13:6-12 noem Paulus, Elymas die towenaar "'n kind van die duivel".

### **WAARSÊERY.**

Waar die towenaar hom in die plek stel van die almagtige God, stel die waarsêer hom in die plek van die *alwetende God*.

Weereens die duivel se nabootsing van God.

Waarsêery is 'n baie ou praktyk onder heidenvolke. Heidense waarsêers het probeer om deur middel van voëlgeskreeu of ander natuurtekens soos die stand van die sterre, die toekoms te voorspel. Veral die Oosterlinge het dit tot ongelooflike hoogtes ontwikkel.

Maar die Here, jôu God, verbied jou om jou toevlug te neem tot waarsêery - ook in sy moderne vorme: Teekoppies lees, fortuinvertellery, kristalkykery, kaarte, handpalmlees, sterrewiggelary, ensovoorts.

In Deuteronomium 13:1-3 lees ons die volgende: "As 'n profeet of een wat as dromer optree by jou opstaan en jou 'n teken of wonder aankondig, *en die teken of wonder kom uit* wat hy jou beloof het met die woorde: Laat ons agter ander gode aanloop - wat jy nie geken het nie - en hulle dien, *dan moet jy nie luister* na die woorde van dié profeet of na dié man wat as dromer optree nie; want die HERE julle God *beproof julle* om te weet of julle werklik die HERE julle God liefhet met julle hele hart en met julle hele siel."

Opmerklik: Hier word openlik erken dat wondertekens inderdaad plaasvind en dat waarsegging oor die wonders werklik bewaarheid word. Maar die HERE bestempel hierdie praktyke uitdruklik as iets *uit die duivel*, as iets van *ander gode*.

Natuurlik geskied dit onder toelating van God, en baie duidelik word ook getoon *waarom* God sulke dinge toelaat.

Hy laat dit toe *om die gelowiges op die proef te stel*; om te sien of ons só vas in Hom glo en Hom met hart en siel só liefhet, dat ons, ondanks die "wonders" en "ware voorspellings", al hierdie dinge as duiwelwerk sal verwerp en onvoorwaardelik aan Hom gehoorsaam sal wees.

Wat ons nodig het om vir ons geluksaligheid van die toekoms te weet, is in die Woord van God geopenbaar.

Daarom verbied God waarsêery. Deuteronomium 18: 10: "Daar mag niemand by jou gevind word wat ... met waarsêery omgaan nie."

Lees ook die geskiedenis van die heks van Endor in I Samuel 28.

### **BYGELOOF.**

Bygeloof verwag van natuurlike dinge, bonatuurlike invloede ten goede of ten kwade.

Jy ken seker die honderd-en-een bygelowe van ons mense: Omulette, gelukbringers, crucifixes, relikwieë, beweerde stukkies van die kruis van Jesus Christus, swart kat, hoefyster, nommer 13, as jy onder 'n leer deurloop, ensovoorts.

Baie hiervan lyk onskuldig. In werklikheid is dit alles pogings om die leegheid in die mens te vul, waarvan ons aan die begin gepraat het.

Die verkeerde hierin is dat van die *skepsele* verwag word wat die *Skepper* alleen kan doen of gee.

Bygeloof is verloëning van God as die *enigste* Almagtige, die Beskikker van jou lewenslot.

### **GOD WIL MET SY HEILIGE GEES JOU HART VUL.**

Teenoor al hierdie dwase pogings om die leegheid van die lewe te vul, staan die "goeie nuus" van die Bybel: God wil met sy Heilige Gees jou lewe vul.

Die mens het self die leegheid veroorsaak.

God wil dit herstel.

Hy het sy Seun gestuur om die oorsaak van ons leegheid, naamlik ons sonde, weg te neem. Hy het sy Heilige Gees gestuur om in ons harte te bly.

Nou is dit: God in ons, en ons in Hom.

*Thinus du Plessis.*

Uitgegee deur die Deputate vir Evangelisasie van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522, Potchefstroom en gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Posbus 156, Potchefstroom 2520. Tel. 23831.